# Leestekens

## Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoofletters

- **Die begin van 'n sin.**

  Die meisie dra 'n mooi rok.

- **Mense se name en vanne.**

  Piet Nel en Sandra Smit is maats.

- **Dorpe en strate se name.**

  Ek woon in Kerkstraat in Kuilsrivier.

- **Diere se name.**

  Snuffels en Sokkies is my troeteldiere.

- **Dae se name.**

  Saterdag en Sondag is naweek.

- **Maande se name.**

  Ek verjaar in September.

- **Na'n, aan die begin van 'n sin.**

  'n Olifant is 'n groot dier.





# Punt

- **Aan die einde van 'n sin.**

  Die hond eet 'n been.

  Ek sien uit na die vakansie.

- **In sommige afkortings.**

  Wiskunde – Wisk.

  Afrikaans - Afr.

  asseblief – asb.



# Komma



- **Voor "maar" en "want".**

  Ek is siek, maar doen nog steeds my werk.

  Ek is hartseer, want my maatjie is lelik met my.

- **In die plek van "en".**

  Ek hou van appels, lemoene, druiwe en perskes.

# Vraagteken

- **By vrae in die plek van die punt.**

  Hoe oud is jy?


  Waarheen gaan jy?

  Waar is jou potlood?

  Weet jy hoe laat dit is?

  Wie het die hond gesien?

  Hoekom harloop jy in die huis?




# Uitroepteken

- **Na 'n uitroep of wanneer jy opgewonde is.**

  Eina! Ek het my toon gestamp.


  Sjoe! Die water is warm.

  Ons gaan see toe!



# Skryf die sinne oor met die korrekte leestekens.

1. jippee ouma kom kuier
2. mamma is baie opgewonde
3. ouma gaan woensdag kom kuier
4. ouma bly in johannesburg
5. sy gaan dinsdag met die vliegtuig kom
6. ouma verjaar op saterdag, 8 mei 2020
7. ons gaan vir haar koek tert en lekker koeksisters maak



# Skryf die sinne oor met die korrekte leestekens.

1. Jippee ouma kom kuier!
2. Mamma is baie opgewonde.
3. Ouma gaan woensdag kom kuier.
4. Ouma bly in Johannesburg.
5. Sy gaan Dinsdag met die vliegtuig kom.
6. Ouma verjaar op Saterdag, 8 Mei 2020.
7. Ons gaan vir haar koek, tert en lekker koeksisters maak.





